# PASTORALE BRIEF

# FEBRUARIE 2023

NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

## Jabes se gebed om seën

"Jabes het die God van Israel aangeroep met die woorde: "Stort u seën oor my uit, vergroot my grondgebied, neem my onder u beskerming en weerhou onheil van my sodat geen smart my tref nie." God het laat gebeur wat hy gevra het."
1 Kronieke 4:9-10

Jabes se naam praat van swaarkry – heel waarskynlik verwys dit na 'n moeilike geboorte. Maar stel jou net die arme mannetjie voor wat met so 'n naam moet grootword! Ongelukkig weet ons nie veel van Jabes af nie – behalwe vir hierdie gebed wat 'n rukkie gelede "viral" in die kerk geraak het, soos hulle deesdae van internetvideos sê.

Dalk kan ons teen hierdie tyd rustiger nadink oor Jabes. Wat leer die Bybel ons van hierdie man met die hartseer-naam? Eintlik hoofsaaklik net een ding: Jabes het homself volkome afhanklik van die Here gestel. Hy het geweet dat hy afhanklik is van die Here se sorg en seën, omdat voorspoed en seën net van die Here af kom. Daarom vra hy dit in nederige afhanklikheid.

En so herinner hy ons daaraan dat dit nie ons eie ywer en talente is, wat sal maak dat ons vanjaar 'n sukses van ons lewe maak nie. Geluk en voorspoed wag vir hulle wat volkome afhanklik van die Here lewe. Dis oor húlle wat die Here sy seën uitstort, soos Jabes so uitdruklik in hierdie gebed van hom vra. 'n Gebed wat jy net so mag oorneem. Here, ek het U nodig. Sort asseblief u seën oor my uit... Sorg asseblief vir my. Amen.